**Donderdag 26 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7 (NAV)**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:1-6**

## Alle mense. Een Middelaar

Vir wie almal moet ons bid? Paulus gee aan Timoteus gebedsriglyne as hy sê: “Bid vir alle mense” (2:1), want “God wil hê dat alle mense gered word” (2:3). Dan sonder hy egter sekere mense uit vir wie gebid moet word: “ … dié wat regeer en almal wat gesag uitoefen, sodat ons ’n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid” (2:2).

Bid vir die regering en gesagsdraers van hierdie land, al stem ons nie in alles met hulle saam nie. Bid dat hulle wysheid mag ontvang om die land so te regeer dat ons in volkome toewyding, in rus en vrede, God kan dien. Moenie teen die regering in opstand kom nie, maar bid vir hulle en vir alle mense, want onthou, ons voorbidding het groot krag by God.

“God wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (2:4). Dit beteken nie dat alle mense gered gaan word nie, want daar is baie wat Hom sal verwerp. Bid nietemin dat alle mense die evangelie van verlossing in Jesus Christus sal hoor, want so lief het God die wêreld (alle mense) gehad … (Joh. 3:16).

Vir alle mense is daar egter net Een wat ons met God kan versoen: Hy is Jesus Christus, die Seun van God, die enigste Middelaar wat tegelyk ware God en ware mens is, wat Homself as losprys vir almal gegee het. Alleen in en deur Hom kan ons die ewige lewe deelagtig word.

Bid ons genoeg vir mekaar, vir die regering en vir alle mense? Ons het mekaar se voorbidding so nodig. Dank ons God genoeg dat ons ’n Middelaar in die hemel het, ons Here Jesus Christus, wat elke dag by die Vader vir ons intree en vir ons bid? Ons is so bevoorreg om verloste kinders van God te wees.

*Sing: Skrifberyming 2-4:3*

*Ds. Pieter J van der Walt (Emeritus)*